NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 17 – Uitgawe 15
9 Mei 2024

# Jesus se hemelvaart

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."*** **(Handelinge 1: 9-11, AFR1983)**

Die gebeure van die hemelvaart kan met die eenvoudige, bekende – alhoewel steeds gebrekkige – beeld van 'n aflosresies vergelyk word. Tydens Jesus se hemelvaart het Hy vir ons 'n aflosstokkie in die hand gegee. Jesus plaas ons Goddelike roeping, die verkondiging en die uitbouing van die koninkryk van God, in mense se hande. Hemelvaart, as voorloper vir Pinkster, is deels die ontstaansmoment van die kerk – dis hierdie moment waarin die kerk haar roeping ontvang. Dis ons hande waarin Jesus die aflosstokkie los, en nou moet ons daarmee hardloop.

Maar dalk leef iets van wat in die dissipels se harte geleef het op daardie dag, ook in ons harte. Daar staan hulle met die aflosstokkie in die hand en staar na die hemel, lank nadat Jesus uit hul sig verdwyn het – verward, oorweldig en stomgeslaan. Waarskynlik het hulle 'n horde vrae in hul gedagtes, 'n stuk twyfel en 'n gevoel van onbevoegdheid vir die resies wat voorlê.

Dalk voel jy ook onbevoeg vir die aflosstokkie wat Jesus hierdie Donderdag met sy hemelvaart in jou hand gaan plaas. Dalk dink jy dat jy dit te maklik gaan laat val, of weet jy nie of jy dit reg gaan kan aangee nie, maar gelukkig weet God. God ken ons tekortkominge en foute en tog kies Hy steeds om die aflosstokkie in ons bewerige hande te plaas.

Gelukkig, anders as in 'n gewone aflos, laat Jesus ons nie aan ons eie genade oor nie. Hy los verantwoordelikheid in ons hande, maar anders as 'n atleet wat alleen moet hardloop met die stokkie in sy hand, belowe Hy die dissipels en ons, dat Hy krag sal gee en dat Hy altyd naby aan ons sal bly. Dat Hy ons nooit sal los nie. En Hy kom dan ook sy belofte na!

Ons lees dit in Markus 16: 20: *...en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het....* En in Matteus 28: 20: *En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

Is dit nie ongelooflik nie dat God kies om deur mense te werk? Dat God kies om iets so belangrik in ons hande te laat? En ja, ons gaan die stokkie soms laat val. Ons, en verskeie mense voor ons, ook die Kerk, het die stokkie al laat val en sal dit weer doen. Maar met hulle, en ook met ons, begin God telkens oor en sit Hy geduldig weer die aflosstokkie in ons hande terug.

Mag ons elkeen op Hemelvaartdag, maar ook elke dag, onthou dat God kies om deur ons in hierdie wêreld wonders te vermag. En dat Hy deur ons sy koninkryk nou reeds op aarde laat deurbreek. Mag die nalatenskap van sy hemelvaart in ons lewe tot Lewe kom.

**Ds Rue Hopley, Pretoria-Oos**

## Lief en leed

- Die **Eendrachtkring vir emeriti en weduwees van predikante** kom weer op **Donderdag 16 Mei om 10:00** byeen. Lede word hartlik uitgenooi. 'n Heerlike gratis middagete word voorgesit. Die plek is die kerkkompleks van Gemeente Wonderboompoort, Eloffstraat, Eloffsdal. **Antwoord asseblief voor Maandag 13 Mei** by Kalla Fourie 072 278 1456 of Wilhelm Steyn 083 448 2134 (albei is ook op WhatsApp). Ons sien daarna uit om mekaar as vriende weer te sien.

- **Ds Thomas (emeritus) en Christina Dreyer** het Vrydagnag 3 Mei oorsee vertrek om vir twee maande by hul kinders te wees. Hulle keer op 5 Julie terug. Ds Dreyer sal op **Sondag 26 Mei om 10:00 (Nederlandse tyd)** hul kleinkind doop in die Prostestantse Kerk in Nederland. Die skakel vir die doop is **https://kerkdienstgemist.nl/stations/2452-Amstelkerk-Ouderkerk-aan-de-Amstel/events/event/15692171-202405261000**. Hy het beloof om na die tyd 'n foto van die plegtigheid te stuur.

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Mei, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 9 Mei: Ds L (Leon) Geel (62) (Grimbeekpark)
  - Vrydag 10 Mei: Di FH (Frans) Ras (57) (Nigel) en GJW (Gert) van der Merwe (76) (emeritus)
  - Saterdag 11 Mei: Dr JC (Christo) van der Merwe (75) (emeritus) en ds G (Guilliaume) Rocher (54) (Balfour/Heidelberg)
  - Maandag 13 Mei: Drr GC (Gerhard) Lindeque (63) (Bybelgenootskap) en JJ (Koos) Prinsloo (78) (emeritus)
  - Dinsdag 14 Mei: Di WJJ (Willem) Kok (64) (Potchefstroom) en PJ (Pieter) Uys (67) (emeritus)
  - Donderdag 16 Mei: Di EM (Liza) Jansen (35) (Witbank-Suid) en AC (André) Swanepoel (45) (Derde Kruis)

## Gemeentes en bediening

Die Raad van Finansies het enkele jare gelede besluit dat die Kerk 'n voorbeeld vir die wêreld moet stel. Daarom is **Hemelvaartdag** (vanjaar Donderdag 9 Mei) vir die personeel van die Sinodale Dienssentrum 'n vakansiedag. Let dus asseblief daarop dat die **Sinodale Dienssentrum gesluit** is vir dié dag. Gemeentes kan gerus oorweeg om dieselfde te doen met hul kerkkantore.



Ds Bouwer Serfontein



Sanet du Plessis

- **Ds DJB (Bouwer) Serfontein** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Gobabis (deeltyds).

- **Sanet du Plessis** het op Donderdag 2 Mei by die Sinodale Dienssentrum as Taalversorger diens aanvaar. Sy volg **mev Tessa Oppermann** op wat sedert 15 Maart 2004 by die destydse SENTIK, nou die Afdeling Kerklike Kommunikasie, in diens is. Mev Oppermann het in 2020 amptelik afgetree, maar is intussen op kontrakbasis in diens gehou. Sy sal tot einde Oktober vanjaar in diens bly om bepaalde take oor te dra of af te handel, en veral mee te werk aan 2025 se *Almanak*. Sanet het die afgelope byna twee jaar as subredakteur by Plaas Media gewerk, en was voorheen voltydse dosent by IIE Varsity College in Durban en die Wits School of Education, waar sy Afrikaans gedoseer het aan onderwysstudente. Ons heet haar hartlik welkom by die NHKA se kommunikasiespan!

- Die **ring van Rustenburg se vergadering** verskuif na **26 Mei 2024** om 11:00 by Gemeente Rustenburg-Kloof. Die vergadering sou aanvanklik op Moedersdag plaasgevind het, en daarom het die Ringskommissie dié besluit geneem.

- **Gemeente Bergsig: 70-jarige bestaansfees:**
  - **Vrydag 17 Mei om 17:00:** Braaivleisvure word aangesteek. Pap, sous en vure word voorsien. Bring eie eetgerei, vleis en drinkgoed.
    **19:00:** Bingo-aand begin. Toegang gratis.

  - **Saterdag 18 Mei:** Fees begin om 09:00. Verskeie stalletjies en eetgoed – ontbytburgers, pannekoek gevul met maalvleis, kaneelsuikerpannekoek, *bunny chow* met gevulde room-hoenderlewer of maalvleis. Aandenkings te koop. Elke uur, vir 7 ure, is daar gelukkige trekkings.
  - **Sondag 19 Mei:** Erediens om 09:00, waargeneem deur ons moedergemeente se predikant, ds Stephen de Beer. Verversings na die erediens.
  - **Woensdag 22 Mei:** Die gemeente is amptelik 70 jaar oud.
  - **Sondag 26 Mei:** Nagmaalerediens gelei deur ds Janine Bevolo-Manders van die Algemene Kommissie. Na die erediens eet en kuier die gemeente saam.

  **Navrae:** Sakkie Prinsloo 066 255 6612 / Kobus Venter 082 859 9808

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente Wolmaransstad**. Gemeente Wolmaransstad in die ring van Maquassi beskik oor 'n vakante werkruimte vir 'n voltydse predikant. Wolmaransstad is 'n plattelandse gemeente. Die ekonomiese ruggraat van die omgewing is landbou. Die gemeente wil graag 'n jongerige, dinamiese, standvastige predikant hê, wat sy/haar roeping as bedienaar van die Woord en as pastor voorop stel. Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie. Predikante wat belangstel om na die gemeente beroep te word, kan 'n verkorte CV stuur aan die skriba, diaken Strepies Rossouw, by **nhkwolmaransstad@gmail.com**, **voor 22 Mei 2024**. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag selfs ander kandidate nader. Die datum van diensaanvaarding sal met die suksesvolle kandidaat bespreek word.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gemeente Meyerton.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA of die NG Kerk om die werkruimte te vul na die siekte-emeritaat van die vorige predikant.

  **Gemeente:** Die erediens en suiwer Woordverkondiging staan sentraal in die gemeente. Kontak met die lidmate en huisbesoek is baie belangrik. Die gemeente reik ook uit na die gemeenskap met verskillende projekte. Die gemeente is 74 jaar oud en het 135 belydende lidmate en 30 dooplidmate. Die kerkgebou is in Meyerton (op die hoek van Reitz- en Holidaystraat). Die pastorie is tans nie beskikbaar nie.

  **Vergoeding:** Die gemeente kan die predikant vergoed met 'n totale pakket van R270 000 per jaar.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kerk. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik.

  **Aansoeke sluit op 31 Mei 2024.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV en 'n kort verslag van die kandidaat se VBO-krediete. Met ontvangs van die CV sal 'n vraelys aan u gestuur word. Die vraelys moet eerlik en sorgvuldig ingevul word. Dit moet per e-pos gestuur word aan die skriba (Sollie Benson) by **solliebenson0@gmail.com.** Enige ander navrae kan ook aan hom by 082 686 5949 gerig word. Aansoekers moet beskikbaar wees om 'n erediens by die gemeente te kom lei. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

## Vergaderings

- Vrydag 10 Mei: Moderamen
- Dinsdag 14 Mei: Kuratorium
- Donderdag 16 Mei om 10:00: Komitee vir Argief, Museum en Biblioteek (in Transvaal-konferensiekamer, Voortrekkermonument)

## Kerklike publikasies

- **Fotoboek: *Machteld Postmus Kompleks.*** Op 26 Maart 2024 het 'n gesellige funksie in die lapa van Machteld Postmus Kompleks plaasgevind. Tydens die kuier van inwoners en gaste en heerlike verversings deur, is 'n klein oplaag fotoboeke oorhandig. Machteld

Postmus Kompleks se geskiedenis dateer sedert 1949 toe die direksie van Ons Tuis die eerste eiendom in Brooklyn, Pretoria aangekoop het. Dis nou ’n lieflike fasiliteit waar ongeveer 80 selfversorgende bejaardes rustig en geborge in ’n stil, pragtige en veilige omgewing tussen reusejakarandas woon. Die behoefte aan ’n fotoboek wat die wel en wee van die inwoners weerspieël, het ontstaan nadat ’n vorige fotobundel onverklaarbaar weggeraak het. Die huidige boek se foto’s handel oor die afgelope tien jaar, egter meer onlangs. Die tema is *Seisoene* en dwarsdeur die boek word ons herinner dat die mens se lewensloop ’n analogie is met die natuur en dat ons inwoners nou in die winterseisoen van ons lewe staan. ’n Klein redaksie, naamlik mevv Frieda van Wyk, Magda van Deventer en Ilani van Staden (voormalige bestuurder), is benoem deur die Inwonerskomitee. Drie luukse leerbandboeke en ’n aantal sagtebandboeke is gedruk. Die leerbandboeke is oorhandig aan die volgende instansies: **Mnr Nándor Sarkady van die Argief** van die Hervormde Kerk vanweë die jarelange band wat mev Postmus aanvanklik met die Kerk gehad het en later vanweë die Kerk en veral Gemeente Pretoria-Oos se verbondenheid met en betrokkenheid by die Kompleks. **Mnr Jaco Bothma** het ook ’n boek ontvang **namens OTMT**. Hy is die uitvoerende bestuurder van die Ons Tuis Groep. Die voorsitter van die Inwonerskomitee, **dr Fanie Pretorius**, het **namens Machteld Postmus Kompleks** ’n boek vir die Kompleks ontvang.



Mevv Frieda van Wyk, Magda van Deventer en Ilani van Staden



Mev Frieda van Wyk oorhandig die fotoboek aan mnr Nándor Sarkady

## ’n Gedig

**Gee my net één dag**

Gee my net één dag soos toenterjare,
’n dag vol soetwyn uit Jerusalem,
g’n drome droom – gesigte sien –
’n dag wat van wind en vlamme sing!
Maak van my so ’n nuwe Pinksterling
dat ek die taal waarin ek gebore is,
my eie klank, in elke geelvink en kanarie hoor;
by tortels en by kokkewiet se kind
die ABC van duisend warm woorde vind!

**Annette Snyman**
(Uit: *Klein rondreis*, 1981)

## Toerusting

- ’n Opname van **dr Frikkie Labuschagne** se aanbieding van die tema *Ek getuig*, wat deel uitmaak van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se Gevorderde Toerusting Ouderlinge (GTO), is beskikbaar by **https://youtu.be/9CoYoQFfxCM**.

- **Die Dameskring** is ’n Christelike organisasie wat groot waarde heg aan die behoud en versterking van die gesin. Sedert 2019 word ’n **Biddag vir Gesinne** jaarliks aangebied as een van die nasionale projekte van Die Dameskring. Hulle wil graag die Christengemeenskap in Suid-Afrika inspireer om weer in 2024 saam te kom om by ’n spesiale geleentheid te bid

vir kerngesonde gesinne wat geestelike en morele waardes uitleef. Hulle sou graag wou meehelp dat hierdie geleentheid jaarliks deel van gemeentekalenders sal word. Die Biddag vir Gesinne, geïnisieer deur die uitvoerende bestuur van Die Dameskring, vind vanjaar plaas op **12 Mei**. Op 12 Mei wil hulle saam met gesinne kniel om te bid vir eie gesinne, vir die herstel van gesinswaardes, vir heling van gebroke gesinne, dat God ons kinders met wysheid sal seën om in uitdagende tye goeie besluite te neem, en vir die bewaring van die huwelik. Besoek **www.dameskring.co.za** vir meer oor Die Dameskring.




## Fondsinsamelings

- **Gemeente Lichtenburg: Oesfees**
  **Saterdag 25 Mei vanaf 08:30**
  Gratis toegang
  **Gaskunstenaar:** Nicholis Louw
  **Vir kinders:** Tombola, skyfskiet, springkasteel, *Laser Adventures*
  **Veiling** met pragstukke: skilderye, mampoer, handgemaakte sweep, getekende Cheetah-rugbytrui, spesiale Oesfees-versamelaarswyn, wildsbokke, hoenders en vele meer
  **Tradisionele stalletjies:** Pap-en-kaiings, spesiale resep lewerkoekies – die beste in die Noordweste!
  **Ander stalletjies:** Nagereg, pannekoek, vetkoek, *doughnuts*, worsbroodjies, sosaties, kerrie-en-rys, lekkergoed, koeldrank, koffie…
  *Plaasstalletjie* met handwerk en plaasprodukte, *Mannetafel* met handgemaakte items
  *Vleistafel:* Kwaliteitbeesvleis teen uiters billike pryse: wors, maalvleis, kookvleis en Russiese wors word verwerk (lekkerste Russiese wors in Suid-Afrika)
  *Koektafel* met tuisgebakte koeke, beskuit, terte, klein koekies en vele meer
  **Kompetisie met pryse, kaartjies @ R20**
  1ste prys R20 000; 2de prys wegbreek van sewe dae in die Bosveld vir 12 mense – Mukuyu-wildsplaas naby Bela-Bela; 3de prys R5 000; 4de prys juweliersware ter waarde van R4 000; 5de prys geskenkbewys van R3 000 by Oupa's Biltong; 6de prys GROOT verrassing!
  Kaartfasiliteite beskikbaar
  Kontak Dave Oosthuizen by 083 311 2962

- **Gemeente Hartebeestpoort (Brits): 3de Bosveld Mtb**
  **3 Augustus 2024 vanaf 07:00 by Brits Vliegveld**
  Keuse van 4 afstande: 4 km *kiddies ride*; 36 km; 91 km;156 km
  Aanlyn inskrywings kan gedoen word
  Vóór 30 Junie is die inskrywings R100 goedkoper
  Tydhouers van buite af en pryse te wen
  Vir navrae kontak:
  Ds Corlien van der Merwe 083 654 8154
  Marcel by Hartebeestpoort-kerkkantoor 012 252 4315
  Michiel Ras by 072 605 1393
  Mias van der Merwe by 083 320 2466
  Besoek **https://bosveldmtb.nhkhartebeestpoort.org.za/** vir meer inligting en inskrywings
  Kyk by "Bike Hub" of "Bosveldmtb"


- **Gemeente Parys: Jagpakket-kompetisie**
  **Sluitingsdatum: 24 November 2024**
  R300 per kaartjie
  Wenner sal gekontak word binne 7 dae na die trekking
  Reëlings sal getref word vir die jagseison 1 Mei – 31 Augustus 2025
  1ste trekking: Buffel, verblyf van 2 nagte selfsorg vir 4 persone
  2de en 3de trekkings: Blesbok elk
  Jagvoertuig en gids; afslag van karkas
  Navrae: **nhkparyskerk@gmail.com** / **parys@nhk.co.za**
  Of Hannatjie Venter by 056 811 5026

- **’n Stukkie Marico Bosveldjuweel te koop**
  **Ten bate van NHKA Groot Marico**
  14,2 hektaar, spruitoewer-eiendom
  Gerieflik toeganklik vanaf N4
  Twee boorgate, een toegerus, sementdam
  Huise bouvallig, geen ESKOM
  Prys R1 550 000.00 onderhandelbaar
  Skakel Boet Nel by 083 700 9751

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## SP Engelbrecht-museum





**Die SP Engelbrecht Museum nooi jou vriendelik uit op ’n reis terug in tyd!**

**Wie is ons?**
Kerkmuseum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), in Pretoria.

**Was jy al by die Museum?**
Kom gerus weer, want dit lyk nou anders as laas keer.

**Werd om te weet**
- Google / Facebook-blad: SP Engelbrecht Museum.
- Oop vir besoeke per afspraak, enige dag of tyd. Reël net ’n dag of wat vooraf. Die Museum maak **net oop per voorafbespreekte afspraak**. Reël besoeke met ds Carel Johann de Bruin by 082 733 3951.
- Aandbesoeke is nogal besonders.
- Toegangsfooie: R40 per persoon.
- Betaal vooraf in Absa-tjekrekening *Kerkgeld vir Kerkwerk* 020149752 met verwysing 2533K + jou naam en stuur bewys van betaling na 082 733 3951 of **careljohann@gmail.com**.
- Veilige parkering op die gras, HEK 4.
- Oprit vir rolstoele.
- Piekniekplek. Onder afdakkie by ossewa of in saal of op gras – teen klein donasie aan koster. Bring piekniekpakkies! Koffiewater is beskikbaar in die kombuis.

**Die SP Engelbrecht-museum** is die grootste kerkmuseum in Suid-Afrika.

**Die Museum het jóú nodig!**
Die Museum is afhanklik van besoekersinkomste en donasies – skenkings of erflatings. Donasies is belastingaftrekbaar. Bewaring word moontlik gemaak deur jou finansiële bydrae en besoek.

**Kom kuier by die Museum...**
Dis ’n lekker uitstappie of afsluiting vir jeug- en kategesegroepe, belydenisklasse, NHSV(vroue)-

groepe, gemeentegroepe, senior lidmate, gesinne, nie-Hervormers ook, van voorskool tot stokoud. Enige belangstellendes, Kerkmense of bloot kultuurbelangstellendes.

**Wat kan ek doen? Wat kan ek vir die Museum doen?**

- Kom weer, en gaan stadig deur die omvangryke versameling.
- Word deel van die **Facebookgroep** SP Engelbrecht Museum.
- Gaan vertel van hierdie Museum – vir jou vriende, familie en gemeente. Bring hulle saam.
- Skenkings van **unieke** Hervormde Kerk-voorwerpe word verwelkom.
- **HUISWERK!** Gaan bewaar jou eie kosbaarhede, tuis en in jou gemeente. Skryf besonderhede neer van jou eie kosbaarhede vir die nageslag. Elkeen van ons is ’n “biblioteek” wat familiedata en familiestories “stoor”. Dit bly ons plig om seker te maak dat die feite en stories vir die nageslag beskikbaar raak en bewaar word, anders gaan dit net ook in die niet verdwyn. *Maar my kind, het jy dan nie geweet nie: Niks hou vir ewig nie.*
- Neem gerus foto’s of selfies met ou hoede in ’n ou groot raam wat voorsien word.
- Deel al jou Museumfoto’s met die Museum na WhatsApp **082 733 3951** of **careljohann@gmail.com** of op die **Facebookblad**.
- Koop ’n brons 1886-1986-gedenkmunt @ R20 of van die duplikaatboeke.

## Bejaardesorg

- **Verpligte uitbetalings Mei 2024.** Alle takke van die NHSV word daaraan herinner dat uitbetalings in Mei gewy word aan instandhouding van geboue en ondersteuning aan bejaardes in nood. Die behoeftes vir barmhartigheid word al hoe groter en daarom is u bydraes en hulp van onskatbare waarde. Die NHSV Hoofbestuur maak staat op elke tak se oop hand en hart waar dit by hierdie uitbetalings kom. Ons wil u by voorbaat bedank vir u liefdeswerk en barmhartigheid waar dit kom by die instansies wat deel vorm van die NHSV Hoofbestuur se prioriteite.

  Die volgende kan as **riglyn vir die verpligte uitbetalings vir Mei** gebruik word.

  - Bejaardesorg: R1,00 per lidmaat
  - Inrigtingfonds: R1,00 per lidmaat
  - Administrasiefonds: R350,00
  - Borgfonds OTMT: R300,00 (nie verpligtend)

  Die Borgfonds is ’n fonds wat by elke tehuis gebruik word om inwoners wat nie hul eie huurgeld vir inwoning ten volle kan betaal nie of nie kinders het wat kan bydra nie, finansieel te help. Kontak gerus die hoofkantoor vir meer inligting en hulp: Rozelda Nel 012 325 0117 of **admin@nhsv.org.za**. Baie dankie vir elke NHSV tak se oop hart en hand!

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks** vir bejaardes in **Brooklyn, Pretoria,** beskik oor die volgende:

  - Tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff teen R465 400.
  - Eenslaapkamer-huureenheid beskikbaar by Huis MacIntosh teen R5 330 (krag ens uitgesluit).

  Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangs-beheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir Hemelvaart

My Heer, Jesus Christus,
ons gedenk u hemelvaart.
Al kan ons U nie sien nie,
weet ons U leef in en deur ons.
Help ons om u kragtige, lewende teenwoordigheid
in ons lewens te ervaar.
Mag die bewustheid van u daaglikse teenwoordigheid
vir ons vrede en vreugde bring.
Ons vra dit in u Naam.
Amen.

Academy of the Holy Angels 2020

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk